## BOARD NOTICE 187 OF 2021

### DEFINING OF PRODUCTION AREA: PRINCE ALBERT

The Wine and Spirit Board, acting under section 6 of the Wine of Origin Scheme published by Government Notice No. R. 1434 of 29 June 1990 hereby –

defines the area specified in the Schedule as a production area (district) under the name Prince Albert.

**OLIVIA POONAH**
**EXECUTIVE MANAGER: WINE AND SPIRIT BOARD**

### SCHEDULE

### DEFINING OF PRODUCTION AREA: PRINCE ALBERT

That portion of land situates within the following boundaries:

The proposed district falls within a 88 km radius around the town of Prince Albert.

Starting where the N1, coming from Laingsburg, crosses the Dwyka River (point 1) 70 km before Leeu Gamka, the north-western boundary of the proposed district follows the N1 in a generally north-eastern direction, until 9 km before Leeu Gamka at Kruidfontein (point 2). Here it follows the R353 for 8 km in a south-eastern direction to where it crosses the Gamka River at Nelsdrif (point 3). From there it moves in a generally eastern direction along a farm road (which goes all the way to Rietbron) to Abrahamskraal, over the N12 (point 4) to the Prince Albert Magistrate's District boundary at Leeubome (point 5). From there it moves generally southwestwards along the mentioned Prince Albert Magistrate's District boundary up to the peak of the Groot Swartberg Mountains (point 6). From there generally westwards along the peak of these mountains to where the Gamka River cuts through it (point 7). From this point generally northwards, first along the Gamka River to the Gamkapoort Dam and then upstream along the Dwyka River to where it is crossed by the N1, the starting point mentioned above.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## RAADSKENNISGEWING 187 VAN 2021

## OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED: PRINS ALBERT

Die Wyn- en Spiritusraad, handelende kragtens artikel 6 van die Wyn van Oorsprong-skema gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R.1434 van 29 Junie 1990-

omskryf hierby die area in die Bylae gespesifiseer as 'n produksiegebied (distrik) onder die naam Prins Albert.

**OLIVIA POONAH**
**UITVOERENDE BESTUURDER: WYN- EN SPIRITUSRAAD**

## BYLAE

## OMSKRYWING VAN PRODUKSIEGEBIED: PRINS ALBERT

Daardie gedeelte grond geleë binne die volgende grense:

Die voorgestelde distrik val binne 'n 88 km-radius rondom Prins Albert-dorp.

Beginnend waar die N1 vanaf Laingsburg, 70 km voor Leeu Gamka, die Dwykarivier kruis (punt 1), volg die noordwestelike grens van die voorgestelde distrik die N1 in 'n algemeen noordoostelike rigting, tot 9 km voor Leeu Gamka by Kruidfontein (punt 2), waar dit die R353 vir 8 km in 'n suidoostelike rigting volg, tot waar dit die Gamkarivier by Nelsdrif oorsteek (Punt 3). Vandaar in 'n algemeen oostelike rigting met 'n plaaspad (wat loop tot in Rietbron) by Abrahamskraal, oor die N12 (punt 4), tot by die Prins Albert Magistraatsdistrik-grens by Leeubome (punt 5). Vandaar algemeen suidweswaarts met genoemde Prins Albert Magistraatsdistrikgrens tot by die Groot Swartberge kruin (punt 6). Vandaar algemeen weswaarts met die kruin van genoemde Groot Swartberge tot waar die Gamkarivier daardeur sny (punt 7). Hiervandaan algemeen noordwaarts eers met die Gamkarivier tot by die Gamkapoortdam en dan stroomop met die Dwykarivier tot waar die N1 dit kruis, die beginpunt hierbo genoem.